

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Meetsnoere in lieflike plekke

Skriflesing: Psalm 16 (1953)

¹ 'n GEDIG van Dawid. Bewaar my, o God, want by U skuil ek.

² Ek het tot die HERE gesê: U is my Here; vir my is daar geen goed bo U nie.

³ Maar aangaande die heiliges wat op die aarde is, sê ek: Hulle is die heerlikes in wie al my behae is.

⁴ Die smarte van hulle wat 'n ander god met gawes vereer, sal menigvuldig wees; ek sal hulle drankoffers van bloed nie uitgiet en hulle name op my lippe nie neem nie.

⁵ Die HERE is die deel van my erfenis en van my beker; Ú onderhou my lot.

⁶ Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.

⁷ Ek sal die HERE loof wat my raad gegee het; selfs in die nag vermaan my niere my.

⁸ Ek stel die HERE altyd deur voor my; omdat Hy aan my regterhand is, sal ek nie wankel nie.

⁹ Daarom is my hart bly en my eer juig; ook sal my vlees in veiligheid woon;

¹⁰ want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgeenot verderwing sien nie.

¹¹ U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.

Broodjies vir die pad

When you are content to be simply yourself and don't compare or compete, everybody will respect you.

~ Lao Tzu

He is richest who is content with the least, for content is the wealth of nature.

~ Socrates



Digterlike kastyder is 85

Daniel Hugo

Die skerpste digterlike kastyder van die NG Kerk en die Afrikaner het vanjaar 85 jaar oud geword.

In sy laaste digbundel, *Braille-briewe* wat in 2011 verskyn het, stippel hy sy standpunt en metode soos volg uit: "Ek vra maar net vrae. / Vrae vorm grondslag van vooruitgang en beskawing. / Ek draai ook nie doekies om nie".

Walters het dié bundel van hom opgedra aan Juvenalis, die Romeinse satirikus van die eerste eeu ná Christus. Hy is dus baie bewus van die eeue oue tradisie van digter as maatskaplike kritikus.

Walters se satire was só doeltreffend en raak dat die destydse moderator van die NG Kerk, dr. Koot Vorster (die broer van die eerste minister, John Vorster), hom in die 1970's persoonlik aangeval het.

Dit was natuurlik in "die goeie ou dae" toe politici en kerkleiers hulle nog aan skrywers gesteur het.

Vorster het Walters 'n vyand van die volk genoem, en kon nie verstaan waarom die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hom vir sy debuutbundel, *Cabala* van 1967, bekroon het nie.

Wat Vorster glad nie verstaan het nie, was dat Walters 'n opregte soeker na God is.

Op sy kenmerkend aweregse manier het hy op 'n keer sy godsdienstige soektog soos volg geformuleer: "Deur jare van lees en dink en op die proef stel, is ek ander idees oor die godsdiens toegedaan as die konvensionele.

"Daar was so baie lieflike gode deur die eeue heen, en elkeen het sy toegewyde aanbidders en vuurspuwende priesters gehad. En ek wil nie uiteindelik beskuldig staan dat ek die verkeerde gode aanbid het nie!"

Walters se gedigte toon inderdaad 'n verbluffende kennis van die Noorse, Griekse en Romeinse mitologie.

Sy kritiek op die Suid-Afrikaanse samelewing vloei voort uit 'n liefde vir sy land, sy taal en sy volk.

In een van sy gedigte stel hy dit soos volg: "Ek draai my pen oop in my sak, / ouder gewoonte / moet ek die draak steek en kasty / as dit droef en donker word in my" (*Saturae*, 1979).

Sy liefde vir Suid-Afrika spreek onder meer uit sy natuurgedigte oor die Boland, die Karoo en die Weskus. Saam met die fotograaf Siegfried Behm het hy 'n pragtige koffietafelboek saamgestel: *Die Weskus van die Kaap*.

M.M. Walters was jare lank 'n dosent in die Afrikaanse letterkunde aan die onderwyserskolleges van Graaff-Reinet en die Paarl, en aan die Universiteit van Kaapstad.

Hy staan bekend as 'n Sestiger omdat hy in daardie dekade van literêre vernuwing gedebuteer het, hoewel hy baie skepties was oor sy mede-Sestigers soos André P. Brink en Breyten Breytenbach wat hul heil in Parys (Frankryk) gaan soek het. Veral Breytenbach loop onder Walters se hekelpele deur. Daarom is dit so veelseggend dat Walters juis in die Breytenbach-sentrum vanjaar by die Tuin van Digters op Wellington vereer is.

Die voordragkunstenaar Johann Nel kon dit daarom nie nalaat om in die huldigingssessie een van Walters se satires op Breytenbach se liefdesverse voor te lees nie:

Ek sou ook graag wou skryf

oor my vrou –

poëties raak

oor die mooi gevormde

wit ledemate

...

maar sy verstaan Afrikaans

en sal nie toelaat

dat ek stuitig raak nie (*Apocrypha*, 1969).

Walters was nooit lid van 'n gilde, groep of vereniging van skrywers nie. Hy het sy eie weg ingeslaan; 'n weg wat gelei het van die Swartlandse plaaslewe (hy is op 23 Januarie 1930 op Moorreesburg gebore) deur die Groot-Karoo en Boland tot in Kaapstad.

Maar hy het altyd 'n wye draai gegooi om Stellenbosch met sy akademiese en teologiese pretensies. Die enigste toegewing wat hy gemaak het ten opsigte van dié Athene van die Suide, was om lid te word van die filosoof Johan Degenaar se Sokratiese gespreksgroep.

Sy bekendste spotvers oor die gemaksug van NG predikante uit 'n vorige era is "Gebed om leiding". In dié gedig word 'n dominee van Stellenbosch-Sentraal beroep na die NG Sendinggemeente op Merweville, 'n dorpie in die Groot-Karoo. Nadat hy in sy gebed al die voordele van Stellenbosch opgesom het, vra hy ten slotte: "Alle grappies op 'n stokkie, Meester, / is U ernstig met die ding?"

Geen wonder dat die kerk en *Die Kerkbode* Walters as 'n vyand beskou het nie.

En tog weet hy meer van die kerkgeskiedenis en die teologie as baie predikante. Inderwaarheid behoort Walters verpligte leesstof te wees vir teologiese studente.

Sy genadelose gespot het nie beperk gebly tot die kerkmense nie, maar het ook die politici van die ou bedeling betrek, soos in die gedig "Partykongres" uit *Heimdall* van 1974.

In sy laaste bundel hekel hy ook die "nuwe gode" en veral die ANC se ongebreidelde kaderpolitiek: "... kom sluit aan by ons nuwe navy / en kom skep van al die oorsese sous en gravy ... / Regstellende aksie herstel nou al die skade – / sommige ouens het al drie doktorsgrade".

Walters se belangstelling in die Oosterse filosofie en letterkunde het glansend uitdrukking gevind in sy vertalings uit die Japanse en Chinese poësie (via Engelse en Duitse weergawes).

Veral die Japanse haikoe spreek tot hom, soos die volgende een van Karai Senryu (1718 – 1790):

Zen-priester

ná meditasie

soek vlooië (*Aki No Kure: Herfsskemering*, 2006).

Prof. Gunther Pakendorf, 'n oudkollega van Walters aan die Universiteit van Kaapstad, het by die Tuin van Digtters daarop gewys dat Walters se satires wissel van baie skerp, soos dié van Juvenalis, tot mild, soos dié van Horatius.

M.M. Walters is nie net die bekendste satirikus in die Afrikaanse digkuns nie – hy het ook sy hand gewaag aan historiese en allegoriese dramas. Sy eerste drama, *Die vroue van Kores* (1975), is een van die min rymende versdramas in Afrikaans.

Ondanks die kanoniseerder J.C. Kannemeyer se onderskatting van hom in sy literatuurgeskiedenis, het Walters die afgelope 50 jaar die Afrikaanse letterkunde verryk en verruim met sy andersdenkendheid en eiesoortige verse.

Hy het ons uit liefde gekasty. En ons is hom dankbaar daarvoor.

Bron:

Gesprekke met skrywers I, Tafelberg, Kaapstad, 1971.

) Daniel Hugo is 'n digter en vertaler.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/Digterlike-kastyder-is-85-20151031>

Brood vir die pad

Ieder praat net hulle eie kop se nonsens, en tereg

Dirkie Smit

'n Kollega vertel van 'n evangelis in hul gemeente, destyds, wat dikwels half verskonend van sy eie voorgaan by bidure sou sê hy praat maar net sy eie kop se nonsens. En inderdaad, veral oor morele sake praat elkeen duidelik maar net hul eie kop se nonsens. Hoe meer onseker, hoe meer ondeursigtig en verwarrend, hoe meer kante elke saak skyn te hê, des te meer só, elkeen net hul eie kop se nonsens. En dis rég so.

Jare gelede sou die etikus James Gustafson onderskei tussen vier maniere van praat oor etiek, in *Varieties of Moral Discourse*. Daar is dié wat gewoon vertel wat met hulle gebeur het. Wat hulle belewe, hoe hulle dit ervaar, wat dit aan hulle doen. Van pyn en onreg en van prestasie en inspirasie. Van kleinkinders of dalk van grootouers. Van opgroeiare, omstandighede, van waar dinge vandáán kom. Soms skok hulle stories, ontstel en ontstig ons. Soms troos hulle, roer, beweeg, onderskraag ons. Ons het sulke stories nódig, wat ons die gevóél-kante laat sien, hoor, smáák. Anders wis ons dit dalk nie. Sien ons nie die prent nie. Of vergeet te gou, sê hy.

Daar is ook dié wat kwaad is, vuiste bal, plakkate dra, strate versper. Woede laat blyk, wat beskuldig, verwyt, verantwoordelik hou. Teregwys, kwaad blootlê, oordele afkondig. Nie omgee vir verduideliking en nie wil hoor van verklaring nie. Nie belangstel in redelike gesprek en in sáám nadink oor oplossings nie. Vir hulle is alles té erg, té laat, kan niks langer só aangaan nie. Sake moet nou end kry, ongeag hóé. En ook dié stemme vol woede kan nodig word, dink hy.

Daar is dié wat nie betrokke wil raak nie, maar wel wil verstaan, verklaar, insien. Rustig wil nadink en nagaan wat op die spel is, waar alles vandaan kom en waarheen dinge ontwikkel. Wat wonder hoe alles begin het en statistieke soek oor die omvang. Hulle debatteer oor wat terme presies beteken – geregtigheid? waardigheid? respek? insluiting? – en wonder hoe argumente in mekaar steek. Hulle beskryf scenario's wat kan ontstaan as dit sou gebeur of dalk nie – maar gee self oënskynlik nie om en kies nooit kant nie. Ook húl kundigheid is broodnodig, meen hy.

Dan is daar dié wat besluite moet neem, beleide maak, verantwoordelikheid dra – ook die verwyte, blaam, skuld, dalk moet verwerping verduur. Wat nie kan vlug in abstrakte teorieë of bloot uiting kan gee aan gevoel en frustrasie nie, maar keuses moet maak, prioriteite opweeg, soms tussen sleg en nog slegter moet sif – en hándel, die rekening betaal, die ligte aanhou. Ook diesúlkes moet daar wees, uiteraard.

Almal het mekáár nodig, sê hy, alle koppe se nonsens sáám vind 'n weg. Net één soort gepraat het niemand nodig nie, dié van die beterweters. Wat nie stories wil hoor, verwyte kan verduur, regtig sake wil verstaan, begrip wil toon vir dié wat moet dóén nie, maar self ewig hul hande was in die onskuld van toeskouers, wat van buite, ja, van bó, net kritiseer. Hulle kop se nonsens het niemand nodig nie.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/DJS-Ieder-praat-net-hulle-eie-kop-se-nonsens-en-tereg-Geestelike-waardes-20151107>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877